

# Die toekoms van teenkorrupsiestrategieë in Suid-Afrika: die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030

Lize-Mari de Lange en Jacqui-Lyn McIntyre

Lize-Mari de Lange en Jacqui-Lyn McIntyre,  
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit

## *Opsomming*

Een van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (NOP) se doelwitte is om 'n veerkratige teenkorrupsiestelsel daar te stel deur die huidige multi-agentskapbenadering te versterk. Die doel van hierdie artikel is om te bepaal of hierdie doelwit teen 2030 bereik sal word en of om bloot die huidige benadering te versterk bevredigend is om die doelwit teen 2030 te bereik. Hierdie dokumentanalise sal bydra tot die bestaande literatuur aangesien min inligting rakende die haalbaarheid van die NOP se teikens met betrekking tot teenkorrupsiestrategieë gevind kon word. Die NOP weerspieël die toekoms van teenkorrupsiestrategieë en moet noukeurig oorweeg word, en teikens om dit te bereik moet voortdurend hersien word. Die ontleding van die onderliggende teikens om die hoofdoelwit te bereik, is van kardinale belang in die proses om 'n veerkratige teenkorrupsiestrategie te vestig. Hierdie literatuurstudie ondersoek vier sekondêre doelwitte om die huidige benadering te versterk. Hierdie dokumentanalise het bevind dat die enigste aangeleentheid wat vordering toon, die bewusmaking van die publiek oor korrupsié en die daarstel van korrupsié-aanmeldkanale is. Ironies genoeg is hierdie funksie doeltreffend bestuur deur 'n nieregeringsorganisasie, Corruption Watch. Daar is ook bevind dat slegs minimale vordering gemaak is en dat die blote versterking van die multi-agentskapbenadering nie daartoe sal bydra om die NOP se teikens teen 2030 te bereik nie. Daarom moet Suid-Afrika eerder alternatiewe, soos die daarstel van 'n gesentraliseerde eenheid, oorweeg in plaas van volgehoue pogings om 'n gebrekkige teenkorrupsiestelsel te versterk. Die Zondokommissie kan moontlik as 'n nuttige voorbeeld dien om hierdie doelwitte te bereik en korrupsié doeltreffend teen te staan.

**Trefwoorde:** enkelagentskapbenadering; kundigheid; multi-agentskapbenadering; onafhanklikheid; openbare bewusmaking; politieke wil; teenkorrupsiestrategieë

## Abstract

### The future of anti-corruption strategies in South Africa: the National Development Plan 2030

“Our vision for 2030 is a South Africa that has zero tolerance for corruption.” This quote emanates from the National Development Plan 2030 (NDP), introduced by the National Planning Commission (NPC) in 2012. With eight years left to reach the objectives for 2030, as set out in the NDP, it is doubtful whether this vision will become a reality.

The review of the NDP indicated that corruption had ruined the trust on which social cohesion and national involvement are built. Without trust and social cohesion, the NDP cannot be implemented, and nation-building cannot take place. Consequently, the continued high levels of corruption may ruin the anti-corruption plan and the entire NDP.

However, one of the four recommendations from the NDP to build a resilient anti-corruption structure is to strengthen the current multi-agency approach. This article aims to determine whether this objective will be achieved by 2030 and whether only strengthening the current approach is satisfactory to fulfil the plan by 2030. This analysis will contribute to the existing literature as very little information on reaching the NDP’s targets relating to anti-corruption strategies could be found. The NDP is a reflection of the future of anti-corruption strategies and it should therefore consider and continually revise its targets to ensure that South Africa has a resilient anti-corruption structure.

Analysing the underlying targets of strengthening the current multi-agency approach is critical in the process of building a resilient anti-corruption strategy. Chapter 14 of the NDP deals specifically with fighting corruption. One of the four singled-out areas of this chapter is to build a resilient anti-corruption system by strengthening the multi-agency anti-corruption system. In order to achieve the aforementioned, the NDP proposes that four matters should be considered: 1) the multi-agency versus the single-agency approach; 2) increasing the specialist resources of the current anti-corruption agencies; 3) public education and reporting on corruption in the country; and 4) political will together with sufficient support. This article analyses these four objectives in order to address the research question: Can the objectives be met only by strengthening the multi-agency approach?

Previous research conducted explored four different anti-corruption strategies exercised in Hong Kong, Singapore, New South Wales and the United States of America with a view to lay the foundation of a national anti-corruption model for serious consideration that might improve the effectiveness of anti-corruption strategies in South Africa. This was followed by an analysis of South Africa’s ten predominant anti-corruption units and it was determined that it is worth considering establishing a centralised unit due to its effectiveness proven abroad as well as to address the weaknesses in the current policies. This article attempts to analyse the future plan for anti-corruption strategies in South Africa and whether it will be accomplished. This will be determined on the basis that previous research conducted indicated that anti-corruption strategies are ineffective and dysfunctional which emphasise the urgent need for intervention and development.

The NDP offers a long-term perspective for South Africa through 15 different chapters with an overarching aim to eliminate poverty and reduce inequality. A review of the plan was formulated

in 2020, which examined the progress made towards the NDP's critical targets established in 2012. However, the review only repeated what was already established about corruption in the NDP and did not elaborate on the time left to reach the targets and these targets not being reached. However, throughout the review document, corruption is labelled as part of the main impediments that hinder the country's progress towards the outcomes of the plan. Miriam Altman, an economist and commissioner of the NDP, supported the plan's review document and concluded that corruption is one of the reasons why there is no significant improvement in implementing the NDP's targets. With most of the critical objectives of the overarching plan not being prioritised, the country suffers from damage that could have been avoided. Therefore, based on crucial targets that have not been met, the idyllic picture conveyed through the plan may not be realised on time.

Ironically, since the establishment of this plan, corruption has intensified, with state capture estimated at R1,5 trillion, which is essentially a third of South Africa's gross domestic product of R4,9 trillion. Essentially, it is equal to destroying four months' worth of labour and productivity of all South Africans. The Corruption Perceptions Index, a leading global indicator of public sector corruption, indicated that South Africa improved by one point from a score of 43/100 in 2012 to 44/100 in 2020. It clearly shows no significant improvement or decline in South Africa's score in the past eight years. This ranking also suggests a failure of government efforts to reduce the root causes of corruption, indicating the ineffectiveness of the anti-corruption strategy.

This research found that the plan's vision towards strengthening the multi-agency approach is not yet a reality. If South Africa continues to manage the anti-corruption function as it is currently doing, this vision and other anti-corruption strategies will not manifest. This paper argues that strengthening the multi-agency model to build a resilient anti-corruption strategy will not be enough to reach the NDP's objectives by 2030. It became evident that South Africa has the most astonishing plans and strategies on paper for an effective anti-corruption model but struggles to demonstrate its implementation. It is suggested that a new approach, combining already existing agencies with a centralised unit, must be considered instead of attempting to strengthen dysfunctional anti-corruption policies.

Furthermore, this research found that of the four strategies for strengthening the multi-agency approach in order to build a resilient anti-corruption structure, the only one with some progression to reach the objective was strengthening public education and reporting lines. Ironically, this has been done by an NGO, Corruption Watch, as the National Anti-Corruption Hotline is restricted due to a lack of resources and funding. Furthermore, the controversial debate over the multi- or single-agency approach is still ongoing. Due to the ineffectiveness of the current approach and similar to the medium-term anti-corruption framework and the NDP review, it is suggested that an overarching single-agency unit is established. Its primary mandate should be to fight corruption and coordinate the entire anti-corruption function. However, the lack of skills, expertise and political will is still noticeable as it is described as the most significant impediment of the failing anti-corruption structure.

The article concludes that only strengthening the current approach will not be enough to reach the objectives because from the start, South Africa did not effectively implement the multi-agency approach. Also, despite not achieving these objectives of strengthening the multi-agency approach, not much progress has been made to reach them by 2030. Consequently, with a

dysfunctional anti-corruption system and little or no progress towards the objectives of the plan, the targets will not be reached by 2030.

The article proposes that South Africa needs to fight corruption from a new perspective: a single-agency perspective. The Zondo Commission has shown what successes can be achieved by pooling the necessary skills into the commission together with a strong political will to give effect to the commission's mandate in an attempt to start a good fight against corruption.

**Keywords:** anti-corruption strategies; expertise; independence; multi-agency approach; political will; public education; single-agency approach

## 1. Inleiding

“Ons visie vir 2030 is ‘n Suid-Afrika wat geen verdraagsaamheid vir korruksie het nie.” Hierdie aanhaling kom uit die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (NOP), wat in 2012 deur die Nasionale Beplanningskommisie (NBK) ingestel is (NBK 2012:447; Anelle Venter). Met agt jaar oor om die doelwitte wat in die NOP uiteengesit is te bereik, is dit te betwyfel of hierdie visie teen 2030 ‘n werklikheid sal word. Die hersiening van die NOP het aangedui dat korruksie die vertroue waarop sosiale samehorigheid en nasionale betrokkenheid gebou word, vernietig het. Sonder vertroue en sosiale kohesie kan die NOP nie geïmplementeer word nie, en kan nasiebou nie plaasvind nie (NBK 2020:57). Gevolglik het die voortgesette hoë vlakke van korruksie die potensiaal van die teenkorruksieplan en die hele NOP verwoes.

Een van die vier aanbevelings van die NOP om ‘n veerkratige teenkorruksiestructuur op te rig, is om die huidige multi-agentskapbenadering te versterk (NBK 2012:447). Die doel van hierdie artikel is om te bepaal of hierdie doelwit teen 2030 bereik sal word en of om bloot die huidige benadering te versterk bevredigend is om die plan teen 2030 te verwesenlik. Hierdie ontleding sal bydra tot die bestaande literatuur, aangesien min inligting rakende die haalbaarheid van die NOP se teikens met betrekking tot teenkorruksiestrategieë gevind kon word. Die NOP weerspieël die toekoms van teenkorruksiestrategieë; daarom moet dit noukeurig oorweeg word en teikens om dit te bereik moet voortdurend hersien word om sodoende te verseker dat Suid-Afrika ‘n veerkratige teenkorruksiestructuur het.

Die ontleding van die onderliggende teikens om die huidige multi-agentskapbenadering te versterk, is van kardinale belang in die proses om ‘n veerkratige teenkorruksiestrategie te vestig. Hierdie ontleding ondersoek vier sekondêre doelwitte om die huidige benadering te versterk. Die navorsingsvraag wat ons in hierdie artikel wil beantwoord, is: Kan die doelwitte bereik word deur slegs die multi-agentskapbenadering te versterk? Die NOP voorsien die riglyne vir Suid-Afrika se teenkorruksiestrategieë, maar hierdie plan is sinloos indien hierdie teikens nie behaal word nie.

Vorige navorsing het vier verskillende teenkorruksiestrategieë ondersoek wat in Hongkong, Singapoer, Nieu-Suid-Wallis (NSW) en die Verenigde State van Amerika (VSA) uitgeoefen is met die doel om die grondslag van ‘n nasionale teenkorruksiemodel te lê wat ernstig oorweeg moet word en wat moontlik die doeltreffendheid van teenkorruksiestrategieë in Suid-Afrika kan verbeter (De Lange 2021:16). Daarna is ‘n ontleding van Suid-Afrika se tien vernaamste teenkorruksie-eenhede gedoen en daar is vasgestel dat dit die moeite werd is om dit te oorweeg

om 'n gesentraliseerde eenheid te stig, vanweë die doeltreffendheid daarvan wat in die buiteland bewys is, asook om die swakhede in die bestaande struktuur te spesifiseer (De Lange 2021:53). Deel 1 het dus 'n effektiewe teenkorruptsiestrategie vir implementering deur Suid-Afrika bepaal. Deel 2 het die swakhede in Suid-Afrika se stelsel teen korruptsie geïdentifiseer en die model (wat in deel 1 daargestel is) is gebruik om hierdie tekortkominge aan te spreek. Hierdie artikel (deel 3) sal poog om die toekomsplan vir teenkorruptsiestrategieë in Suid-Afrika te ontleed en te bepaal of dit behaal sal kan word. Dit sal bepaal word op grond van vorige navorsing wat aangedui het dat teenkorruptsiestrategieë ondoeltreffend en gebrekkig is, wat die dringende behoefte aan ingryping en die ontwikkeling van strategieë beklemtoon.

## 2. Agtergrond

Die NOP bied 'n langtermynbenadering vir Suid-Afrika in 15 verskillende hoofstukke met 'n oorkoepelende doel om armoede uit te skakel en ongelykheid te verminder. Die gewenste eindbestemming is gedefinieer, en dit erken ook die rol wat verskillende sektore van die samelewing moet speel om daardie doel te bereik (CoGTA 2018).

'n Hersiening van die plan is in 2020 geformuleer om die vordering met betrekking tot die NOP se kritieke teikens, wat in 2012 vasgestel is, te ondersoek (NBK 2020:4). Die hersiening van die plan herhaal bloot wat reeds in die NOP oor korruptsie vasgestel is en brei nie uit oor die feit dat daar min tyd oor is en dat baie van die teenkorruptsieteikens nie bereik is nie (NBK 2020:57). Korruptsie word egter regdeur die hersieningsdokument bestempel as een van die vernaamste struikelblokke wat die land se vordering na die uitkomste van die plan belemmer (NBK 2020).

Miriam Altman, 'n ekonom en kommissaris van die NOP het die plan se hersieningsdokument ondersteun en te kenne gegee dat korruptsie een van die redes is waarom daar geen noemenswaardige verbetering, in die implementering om die NOP se teikens te behaal nie, is nie (Sibanyoni 2021). Omdat die meeste van die kritieke doelwitte van die oorkoepelende plan nie geprioritiseer word nie, ly die land skade wat vermy kon word (Rupiah 2020). Gegrond op deurslaggewende teikens wat nie bereik is nie, kan die idilliese prentjie wat deur die plan daargestel is moontlik nie betyds realiseer nie.

Ironies genoeg het korruptsie sedert die totstandkoming van hierdie plan toegeneem (NBK 2020:57), met staatskaping wat op R1,5 biljoen beraam is (Merten 2019), wat in wese 'n derde van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) van R4,9 biljoen uitmaak. Merten (2019) beskryf dit as gelykstaande aan die vernietiging van vier maande se arbeid en produktiwiteit van alle Suid-Afrikaners, van smouse wat lekkers buite skole verkoop tot raadsaaljoggies.

Die korruptsie-persepsie-indeks (KPI), 'n toonaangewende wêreldwye aanwyser van korruptsie in die openbare sektor, het aangedui dat Suid-Afrika met slegs een punt verbeter het van 'n telling van 43/100 in 2012 tot 44/100 in 2020 (Transparency International (TI) 2020). Dit toon duidelik geen noemenswaardige verbetering of afname in Suid-Afrika se telling oor die afgelope agt jaar nie. Hierdie rangorde dui ook op die mislukking van regeringspogings om die kernoorsake van korruptsie uit te wis (Corruption Watch 2020a:11), wat die ondoeltreffendheid van die teenkorruptsiestrategie illustreer.

Hoofstuk 14 van die NOP handel spesifiek oor die bekamping van korruksie (NBK 2012:445). Een van die vier uitgesonderde areas van hierdie hoofstuk is om 'n veerkratige teenkorruksiestelsel op te rig deur die multi-agentskap-teenkorruksiestelsel te versterk (NBK 2012:447). Die NOP stel voor dat vier aangeleenthede oorweeg moet word, naamlik: 1) die multi-agentskap-teenoor die enkelagentskapbenadering; 2) die kundigheid in die huidige teenkorruksiestrategie; 3) die openbare bewusmaking en aanmelding van korruksie in die land; en 4) die politieke wil tesame met voldoende ondersteuning (NBK 2012:447). Hierdie vier kwessies sal in die volgende afdelings ontleed word.

### **3. Multi-agentskap- teenoor enkelagentskapbenadering**

Die NOP bespreek die omstrede debat oor of Suid-Afrika 'n enkelagentskap- of multi-agentskapbenadering moet aanvaar (NBK 2012:448). Die multi-agentskapbenadering word gedefinieer as 'n teenkorruksiestrategie, vry van politieke inmenging, wat gewoonlik reeds bestaande regeringsagentskappe combineer met een of twee gespesialiseerde eenhede, met goed gedefinieerde funksies en stelsels op grond van die uitruil van inligting, koördinasie en samewerking op alle vlakke (Meagher en Voland 2006:15; Pillay 2017:3). Aan die ander kant verskuif 'n enkelagentskapbenadering verskeie teenkorruksie-agentskappe (TKA's) na 'n gesentraliseerde eenheid, wat sodoende 'n oorkoepelende liggaam, met ferm leierskap om korruksie te beveg, skep (Lekubu 2019:84; Pereira, Lehmann, Roth en Attisso 2012:20). Die plan voorsien verskeie argumente vir en teen die multi- en enkelagentskapbenaderings, wat gevvolglik bespreek word (NBK 2012:448).

#### ***3.1 Die argument vir 'n multi-agentskapbenadering***

Die Nasionale Teenkorruksieforum (NTKF), wat lede van die regering, sakeondernemings en die burgerlike samelewing betrek om die staat te adviseer oor teenkorruksiestrategieë en inligting oor die beste praktyke te voorsien, het in 2001 baanbrekerswerk gedoen met die multi-agentskapmodel, wat steeds tans in gebruik is. Die forum kon nie operasioneel voortgaan nie weens 'n gebrek aan toewyding, kontinuïteit en befondsing van die verskillende sektore en het gevvolglik in 2012 onaktief geraak (DBME 2020b:46).

Volgens die NOP moes pogings aangewend gewees het om die NTKF met die nodige hulpbronne te versterk (NBK 2012:448), maar hierdie doelwit kon nie bereik word nie, omdat die forum onaktief was. Alhoewel ander maatreëls ingestel is, soos die Teenkorruksietaaksplan (TKTS), wat in 2010 aangestel is om die stryd teen witboordjiemisdaad te lei (Presidentskap 2015), is dit nie die gewenste beginpunt nie. Dit is toeskryfsbaar aan die feit dat die forum, wat aanvanklik die multi-agentskapmodel geïnisieer het, nie aktief bygedra het tot die verbetering, ontwikkeling en bestuur van die teenkorruksiestrategie nie (DBME 2020b:46).

Die multi-agentskapbenadering verdeel hulpbronne en lei tot 'n ongekoördineerde benadering wat veroorsaak dat mandate oorvleuel en daar swak koördinasie tussen agentskappe is, wat duidelik sigbaar is in die Suid-Afrikaanse teenkorruksiestelsel (NBK 2012:448). Bruce (2019:2) bevestig hierdie stelling aan die hand van die duplisering van take as gevolg van die geïmplementeerde strategie. Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) verwys byvoorbeeld sake wat deur die Spesiale Ondersoekenheid (SOE) ondersoek is en waaroor hulle verslag

gedoen het terug na die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek (DPMO), wat dit dan ook weer van voor af ondersoek (Bruce 2019:2).

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die multi-agentskapargument, veral in Suid-Afrika, kommerwekkende nagevolge toon, maar die NOP is nie ten gunste van die aanvaarding van 'n enkelagentskapbenadering nie (NBK 2012:448).

### ***3.2 Die argumente vir 'n enkelagentskapbenadering***

Volgens die NOP sluit die negatiewe gevolge van die enkelagentskapbenadering in dat Suid-Afrika nie die institusionele grondslag het om dit 'n lewensvatbare opsie te maak, soos in die geval van Hongkong se Independent Commission Against Corruption (ICAC) nie (NBK 2012:448). Daar word aangevoer dat dit onbillik is om op Hongkong se ICAC te fokus bloot omdat hul benadering in 'n bepaalde konteks funksioneer (Pereira e.a. 2012:21; Wathne 2021:38), en dat die daarstel van 'n gesentraliseerde agentskap eerder oorweeg moet word. Die gesentraliseerde eenheid se doel sal wees om onafhanklik op te tree as die oorkoepelende TKA, met die nodige wetstoepassingsmagte, wat die teenkorruptiefunksie in die land koördineer, bestuur en organiseer (De Lange 2021:75).

Verder het die NOP 'n gesentraliseerde eenheid beskryf as minder veerkrachtig as die multi-agentskapbenadering met betrekking tot die agentskap se onafhanklikheid, op grond daarvan dat indien die enkelagentskap-teenkorruptieliggaaam politieke kaping in die gesig staar, die onafhanklikheid van die hele stelsel in gedrang gebring word (NBK 2012:448). Alhoewel dit 'n belangrike stelling is, kon Suid-Afrika se multi-agentskapbenadering nie vir Jacob Zuma, voormalige president van Suid-Afrika, en die Guptas, drie Indiese broers en sakelui, verhoed om byna R58 miljard uit die land te buit nie (Holden 2021). Dit bewys dat die gesentraliseerde benadering nie noodwendig minder veerkrachtig is nie, aangesien multi-agentskappe ook politieke kaping kan ervaar en van onafhanklikheid gestroop word.

Daarbenewens is die institusionele onafhanklikheid van enkelteenkorruptie-agentskappe omstrede, aangesien hulle almal aan die uitvoerende gesag (die President) verantwoordbaar is, wat veroorsaak dat hulle geneig is tot politieke druk en inmenging (NBK 2012:448). Daarom word aanbeveel dat maatreëls ingestel word om die onafhanklikheid en integriteit van die TKA te verseker (Wathne 2021:17). Daar is bewyse dat Suid-Afrika se teenkorruptie-eenhede voldoende onafhanklikheid kan verleen. Hierdie bewyse is bevestig deur die Wêreldbank wat onlangs die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) aangewys het as een van twee nasionale ouditkantore wat volkome onafhanklikheid het om hul mandate sonder onnodige inmenging uit te voer (Wêreldbank 2021:18).

Dit is dus duidelik dat dit meer sinvol is om 'n oorkoepelende, gesentraliseerde teenkorruptie-eenheid te vestig wat 'n sterker hulpmiddel in die bekamping van korruptie kan bied in plaas daarvan om te debatteer of 'n multi- of enkelagentskapbenadering aanvaar moet word.

## **4. Vaardigheid en kundigheid**

Om die teenkorruptiestelsel te versterk, benodig die agentskappe meer kundiges. Meer kapasiteit en befondsing is nodig om kundige personeel in diens te neem en hoogs ontwikkelde

ondersoektegnieke te gebruik (NBK 2012:448). Op grond van bewyse van verskeie belanghebbendes, soos die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA), die Finansiële Intelligensiesentrum (FIS) en die Ondersoekdirektoraat (OD) in die teenkorruptsieregime, bly die gebrek aan befondsing, vaardighede en kundigheid die vernaamste struikelblokke in die poging om korruksie doeltreffend hok te slaan (OGSA 2020:93; FIS 2020:10; NVG 2020:15; NVG 2021:30).

Die TKTS bestaan uit 15 staatsagentskappe en is in 2010 gestig om ondersoeke en vervolging te bevorder (Presidentskap 2015). Tydens 'n vergadering met die TKTS oor hangende korruksiesake van verskillende departemente en entiteite, was slegs 4 van die 15 agentskappe teenwoordig, wat ironies genoeg die afwesigheid van vaardighede en kundigheid in die teenkorruksiestructuur illustreer. Die TKTS het ook beklemtoon dat daar 'n gebrek aan vaardighede en kundigheid (veral in forensiese, ondersoekende en vervolgingsvaardighede) regoor die waardeketting bestaan, wat beperkte kapasiteit bied en die spoed van korruksiesake vertraag (SKOOR 2020).

Verder het die voorsitter van die NVG, advokaat Shamila Batohi, aangedui dat om TKA's met die nodige vaardighede en kundigheid toe te rus, 'n reuse taak is, maar dat daar baie werk agter die skerms gedoen word (SKOOR 2020). Die NVG het byvoorbeeld 'n vaardigheidsoudit ontwerp om die nodige vaardighede en die vlak van bedrewenheid te verstaan en om maniere te vestig om personeel op te lei om hierdie vaardighede te verwerf (Lancaster, Roberts en Mbanyele, 2019).

Ten spyte van noemenswaardige vordering in die rigting van voldoende vaardigheid en kundigheid, is die gebrek daaraan egter steeds duidelik in die teenkorruksiestructuur (Corruption Watch 2021; Merten 2020). Die FIS illustreer die gebrek aan kundiges aan die hand van die feit dat die eenheid byvoorbeeld net twee forensiese rekenmeesters gehad het om 2 000 vervolgbare intelligensieverslae, wat deur hulle opgestel is, te verwerk. Forensiese rekenmeesters is nodig om die inligting wat daagliks gegenereer word, te verwerk om sodoende waardevolle kennis te omskep in intelligensie wat misdaad kan bekamp (Corruption Watch 2021).

Dit is duidelik dat die teenkorrupsierolspelers, insluitend die FIS, NVG en die DPMO, forensiese rekenmeesters benodig, en die kwessie rondom gebrekkige kapasiteit kan nie as die norm aanvaar word nie (Corruption Watch 2021). Batohi het beklemtoon dat 'n belegging in die bekamping van korruksie 'n belegging in die land is (Merten 2020; SKOOR 2020). Die TKA's is oorlaai met werk as gevolg van korruksie wat so algemeen in die openbare sektor voorkom. Gevolglik is hierdie agentskappe uiterst beperk met 'n enorme werkslading en min hulpbronne; hulle moet uiters selektief wees rakende watter sake vervolg word om dit 'n goeie belegging van die beperkte hulpbronne te maak (Merten 2020; SKOOR 2020).

Volgens die NOP moet meer kapasiteit vir korruksie-ondersoeke geskep word – meer befondsing word benodig om kundige personeel aan te stel en gespesialiseerde ondersoektegnieke aan te wend (NBK 2012:448). Uit die bespreking hier bo is dit egter duidelik dat hoewel daar min vordering deur die NVG se vaardigheidsoudit gemaak is, daar steeds 'n enorme vraag na vaardighede en kundigheid is om korruksie te bekamp.

## 5. Openbare bewusmaking en die aanmelding van korruksie

Dit is belangrik dat die publiek bewus gemaak word van en onderrig word oor korruksie om te verseker dat hulle ingelig is oor die uitwerking daarvan en korruksie deur die regte kanale kan aanmeld wanneer dit plaasvind. Agentskappe moet verplig word om openbare bewusmakingsveldtogte te voer (DBME 2020a:213; NBK 2012:448). Daarvoor is voldoende hulpbronne en venootskappe met nieregeringsorganisasies nodig (NBK 2012:448). Korruksie kan deur die blitslyne van beide die Staatsdienskommissie (SDK) en Corruption Watch aangemeld word.

Die SDK is verantwoordelik vir die bestuur van die Nasionale Teenkorruksieblitslyn (NTKB), wat openbare en staatsamptenare in staat stel om vermeende korrupte aktiwiteite aan te meld (SDK 2021:14). In die 2020/21- finansiële jaar het die NTKB 61 490 inkomende oproepe ontvang, waarvan 872 verslae opgestel is en na die relevante departemente verwys is (SDK 2021:81). Slegs 0,01% van beweerde korrupte aktiwiteite wat aangemeld word, word in wese ondersoek. Verder, as gevolg van 'n gebrek aan befondsing, is hierdie enkele aangewese blitslyn slegs vyf dae per week, agt uur per dag in werking, wat ernstige uitdagings skep met lede van die publiek wat na-ure skakel en daar geen agente is om te help nie (SDK 2021:82). Hierdie syfers duï aan dat die aanmeld-van-korruksie-funksie nie toegerus is met voldoende hulpbronne om die NTKB effektiel te bestuur nie.

Openbare bewusmaking is een van die belangrike instrumente om korruksie te beveg; die publiek moet in staat wees om korruksie te identifiseer wanneer dit voorkom en bewus wees van die korrekte aanmeldkanale vir die betrokke agentskap om korrupte praktyke te ondersoek en te ontbloot (Suid-Afrikaanse Regering 2021). Weens die hoë vlakke van korruksie is Corruption Watch in Januarie 2012 as 'n nieregeringsorganisasie (NRO) gestig (Corruption Watch 2021).

Corruption Watch maak staat op die publiek om korruksie aan te meld. Daarom bestaan 'n beduidende deel van die organisasie se werkzaamhede uit die bewusmaking van die publiek rondom korruksie en om 'n aanmeldingsplatform te voorsien waar individue enige korruksie waarvan hulle bewus is, kan aanmeld (Corruption Watch 2021). Hierdie platforms sluit hul webwerf, 'n WhatsApp-nommer, sosiale media, e-pos en pos in, en voor die COVID-19-pandemie het hulle ook 'n inloop-aanmelddiens by hul kantore gehad. Verslae met hierdie inligting word deur die NRO gebruik om die tipes korruksie en die gebiede waar dit voorkom vas te stel en te ontleed. Hierdie verslae laat Corruption Watch toe om korruksiebrandpunte te identifiseer, wat waardevolle inligting is in die opsporing van korruksie en implementering van maatreëls om korruksie te voorkom (Corruption Watch 2021:21).

Corruption Watch het ook verskeie innoverende korruksie-opvoedings- of bewusmakingsveldtogte begin en doen ook navorsing, byvoorbeeld:

- Volgens die Global Corruption Barometer en Corruption Watch se Youth Perception-opname is die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) die mees korrupte instelling in Suid-Afrika (Pring en Vrushi 2019:53; Corruption Watch 2020b:15). Hierdie siening word ook in Corruption Watch se jaarverslag weerspieël, aangesien die meeste van hul verslae (442) na polisiekorruksie verwys het (Corruption Watch 2020a:28). Daarom het dié NRO grootskaalse opleidingsveldtogte op gemeenskapsradiostasies gedoen, insae gelewer oor die SAPD-wysigingswetsontwerp rakende die aanstelling van beampies

wat nie die vereiste vaardighede en kundigheid het nie, en 'n openbare data-instrument ontwikkel (Corruption Watch 2020a:28).

- Die bekendstelling van die openbare data-instrument, naamlik die Veza-tool, sal deursigtigheid en aanspreeklikheid in die SAPD verbeter (Corruption Watch 2020a:27). Dit bevat interaktiewe kaarte van polisiekorruptietendense en -brandpunte en stel die publiek in staat om verskeie polisiestasies op grond van persoonlike ervarings te bepunt en te beoordeel (Ntsaluba 2021). Die Veza- instrument stel ook die publiek in staat om toegang tot inligting oor al 1 100 polisiestasies in Suid-Afrika te verkry (Corruption Watch 2020a:28).
- Ten einde die publiek en veral die jeug op te voed, het Corruption Watch 'n reeks kortverhale vir jongmense deur jong skrywers oor verskeie teenkorruptietemas in e-boekvorm vrygestel. Dit het ook die jeug geteiken deur bewusheid oor korruptie te kweek deur middel van grootskaalse opleidingsveldtogte op gemeenskapsradiostasies (Corruption Watch 2020a:39).
- Aangesien korruptie 'n teiken daarstel wat konstant beweeg, doen Corruption Watch voortdurend navorsing om deurlopend meer kennis te bekom (Corruption Watch 2021:21). Die navorsing sluit onder ander in om die NRO te help om vas te stel waar kwesbaarheid in die mynbousektor bestaan, wat gebruik kan word om aanbevelings daaroor te maak (Corruption Watch 2020a:41) en om die deursigtigheid (d.m.v. "oop kontrakte") van gesondheidsprojekte te ondersteun deur te bepaal watter inligting gepubliseer moet word, hoe toegang daar toe verkry kan word, en wat as wetlik en kommersieel sensitief beskou word (Corruption Watch 2020a:31).
- Die jaarverslag van Corruption Watch voorsien waardevolle inligting op grond van hul verslae, soos die nuutste korrupsieneigings en -brandpunte (Corruption Watch 2020a:14).

Die jaarverslag van Corruption Watch het aangedui dat hulle in 2020 4 780 verslae oor beweerde korruptie ontvang het (Corruption Watch 2020a:14). Hierdie syfer het gestyg van 3 223 sedert sy ontstaan in 2012 tot 4 780 in 2020, wat daarop dui dat Corruption Watch se veldtogte en bewusmakingsprojekte doeltreffend is omdat meer mense korruptie aanmeld, en gevvolglik is meer mense daarvan bewus en gebruik hulle die platform om korruptie aan te meld (Corruption Watch 2020a:14).

Corruption Watch se doelwit is om die publiek op te voed oor korruptie en hulle bewus te maak van aanmeldkanale deur vennootskappe met NRO's, en daarom is Corruption Watch 'n uitstekende voorbeeld van 'n vennootskap met regeringssagentskappe en van hoe om die publiek bewus te maak om korrupte gedrag te identifiseer wanneer dit gebeur. Daar is egter nog 'n groot taak wat voorlê rakende teenkorruptie-eenhede wat verplig word om bewusmakingsveldtogte te voer, maar Corruption Watch illustreer die sukses wat behaal kan word (Corruption Watch 2020a:1–60).

## 6. Politieke wil en voldoende ondersteuning

Daar word baie klem geplaas op politieke wil<sup>1</sup> en voldoende ondersteuning sodat teenkorrupsiestrategieë doeltreffend kan wees en 'n verskil kan maak (NBK 2012:448). Talle navorsers het beklemtoon dat politieke wil deurslaggewend is vir hervorming (Heeks 2011;

Wathne 2021). Ondanks die feit dat dit in 2012 een van die hoofdoelwitte van die NOP was om die multi-agentskapbenadering te versterk, is die afwesigheid van politieke wil in Suid-Afrika egter duidelik (Lekubu 2019:85). Dit word veral geïllustreer deur die beperkings wat op die TKTS se bevriesingsbevele<sup>2</sup>, wat verhoed dat oortreders opbrengste van korrupte aktiwiteite bestee, geplaas is. In die 2014/15-finansiële jaar is daar byvoorbeeld bevriesingsbevele ter waarde van R2,25 miljard toegestaan, terwyl daar in 2018/19 bevriesingsbevele ter waarde van slegs R15,8 miljoen toegestaan is (TKTS 2021).

Die Afrobarometer, 'n onpartydige pan-Afrikaanse navorsingsinstelling wat openbare opnames oor onder andere bestuur en demokrasie doen (Afrobarometer 2021), het onlangs verklaar dat die publiek glo dat korruksie eintlik vererger het tydens president Ramaphosa se ampstermy (Patel en Govindasamy 2021). Volgens Mubangizi (2020) is die meeste korruksie in Suid-Afrika van 'n politieke aard. Talle korruksieskandale, insluitend Travelgate, Jackie Selebi en Glen Agliotti, Nkandla, Guptagate, Transnet en Eskom, spruit uit die gebrek aan politieke wil (Haffajee 2021a). Die volgende voorbeeld bied ook 'n goeie illustrasie van die gebrek aan politieke wil.

### **6.1 Digital Vibes-korrupsiesaak**

Op 26 Mei 2021 het dr. Zweli Mkhize, Minister van Gesondheid en lid van die ANC, aangekondig dat die kommunikasiekontrak ten bedrae van R150 miljoen wat aan Digital Vibes toegeken is, onreëlmagtig was (Myburgh 2021a). Na maande se ondersoek het die SOE se verslag oor die Digital Vibes-kontrak, vir die voorsiening van kommunikasiedienste aan die Departement van Gesondheid se ontluikende Nasionale Gesondheidsversekerings (NGV), verskeie verbintenis met Mkhize, direkte familielede en voormalige medewerkers van Mkhize (SOE 2021:viii) aan die lig gebring. Daar is bevind dat Mkhize se voormalige persoonlike assistent, Naadhira Mitha, en jare lange en voormalige persoonlike woordvoerder, Tahera Mather, die hoofpersone van hierdie grootskaalse beweerde plundering was (Myburgh 2021b). Die SOE-verslag het ook onthul dat Mkhize deur herhaalde WhatsApp-boodskappe druk op die amptenare uitgeoefen het om die tender aan Digital Vibes toe te ken (SOE 2021:4).

Kortom, die SOE se ontleding van Digital Vibes se Nedbank-bankrekening het aangedui dat verdagte betalings van ongeveer R90 miljoen geïdentifiseer is (SOE 2021:77). Die ondersoek het ook bevind dat Digital Vibes se bankrekening beheer is deur Mkhize se medewerkers, Mitha en Mather, en nie die maatskappy se veronderstelde besturende direkteur, Radha Hariram, nie (SOE 2021:76). Volgens die SOE se verslag (2021:73) het Hariram gedurende 2020 as bestuurder by 'n vulstasie in KwaZulu-Natal gewerk toe Mitha en Mather die kontrak vanuit 'n gehuurde kantoor in Gauteng bedryf het.

Die fondse is aan verskeie individue en maatskappye betaal, insluitend Composite Trade (Mather se maatskappy) en Strategewhizz (Mitha se maatskappy) (SOE 2021:77). Na bewering is hierdie betalings ook gebruik om 'n nuwe haarsalon en luukse naelsalon (Tammy Taylor Nails) vir Mkhize se skoondogter te koop (Myburgh 2021c). Verder is hierdie betalings bestee op luukse klere, oorsese vakansies, huisverbeterings, kontant vanaf OTM'e en ander verdagte derdepartytransaksies, insluitend Mokokwana Events (Myburgh 2021b). Gevolglik het Mkhize sy bedanking op 5 Augustus 2021 ingedien en alhoewel sy brief die wettigheid van die SOE se ondersoekproses bevraagteken het en, as daar aangevoer word dat hy onbewus van sy voormalige medewerkers se aksies was, het dit alles onder sy leiding plaasgevind (Ellis 2021; Myburgh 2021b).

## 6.2 Vrystaatse asbes-korrupsiesaak

Ace Magashule, sekretaris-generaal van die African National Congress (ANC), staan tereg op meer as 70 aanklagte, insluitend korrupsie, bedrog en geldwassery met betrekking tot slegs een saak (Mthethwa 2021). Magashule en 15 ander medebeskuldigde staatsamptenare was na bewering betrokke by die asbessaak ten bedrae van 'n R225 miljoen-kontrak. Daar word beweer dat die verkrygingsproses van die kontrak om in 2015 asbesdakke in die Vrystaat te identifiseer en te verwijder, op 'n korrupte en bedrieglike wyse gedoen is (Etheridge 2021).

Na bewering is die kontrak van R255 miljoen aan twee maatskappye toegeken, wat die kontrak aan 'n ander maatskappy gesubkontrakteer het wat die werk vir R21 miljoen gedoen het, en die res is deur die beskuldigdes geplunder. Die asbesdakke is egter steeds nie verwijder nie (Etheridge 2021). Hierdie saak sloer vanaf 2015 en die mees onlangse sitting was op 11 Augustus 2021. Ondanks oortuigende getuienis van die NVG en meer as 40 staatsgetuies, beweer Magashule hy het niks verkeerd gedoen nie (Du Plessis 2021).

Daar is ook die Estina-suiwelplaasskandaal van R280,2 miljoen (SWI 2019:7). Nadat die kontrak gekanselleer is, het Magashule nie daarin geslaag om die betaling van R130 miljoen aan die Guptas te stop nie (Cowan 2020). Volgens Cowan (2020) was hierdie transaksie moontlik slegs met die politieke steun van Magashule en Mosebenzi Zwane, voormalige Vrystaatse landbould van die uitvoerende raad. Vervolgens sal hy sy rol aan die owerhede moet verduidelik.

## 6.3 SOE-verslag oor COVID-19-korrupsie

Die SOE-verslag oor die verkryging van of kontraktering vir goedere en dienste wat verband hou met die COVID-19-pandemie het ontstellende statistieke oor korrupsie op alle regeringsvlakke aan die lig gebring. Die waarde van kontrakte wat ondersoek is na aanleiding van aantygings wat ontvang is, het R13,3 miljard beloop (SOE 2021:18). Beperkings op die SOE se ondersoek sluit in beperkte oorspronklike dokumentasie wat deur die regeringsinstellings gehou is rakende die aanstelling van diensverskaffers vir die verkryging van persoonlike beskermende toerusting (PBT), en die vernietiging van bewyse (dokumentasie, toestelle soos selfone en rekenaars). Verskeie amptenare het ook geweier om saam te werk, veral in die aanbodkettingbestuur- (AKB) en finansiële departement, hoofsaaklik omdat hulle deel was van die korrupte gedrag. Plaaslike politici wat betrokke is by die administrasie van munisipaliteite het ook die SOE se ondersoeke belemmer (SOE 2021:11).

Waarnemings wat tydens die ondersoek gemaak is, het inligting bevat wat aangedui het dat hoewel die nasionale ramptoestand eers op 15 Maart 2020 verklaar is, nadat die verkryging van PBT daadwerklik begin het, sommige van hierdie verskaffers eers gedurende Februarie en Maart by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC) geregistreer is. Dit beteken dat daar geen bewysbare rekords was nie; maatskappye waaraan kontrakte toegeken is, is nie op die Sentrale Verskafferdatabase (SVD) geregistreer nie. Verder was basiese kennis van 'n toepaslike verskaffer nie duidelik nie. Die tipe goedere stem byvoorbeeld nie ooreen met die aard van die besigheid wat op die CIPC geregistreer is nie, produkspesifikasies is geïgnoreer, en produkte wat nie geskik was vir hul beoogde doel nie, is aangekoop (SOE 2021:12–13).

Dit blyk ook dat die name van die diensverskaffers vasgestel is voordat die aanbodketting-bestuurproses begin het. Politieke druk het 'n rol gespeel in die verkryging van PBT, en daar

is bevind dat staatsamptenare en verskaffers aan bodknoeiery aandadig was. Die feit dat daar te veel betaal is vir goedere het in die ondersoek duidelik geword, en daar was geen poging om met verskaffers te onderhandel om pryse binne die drempels te bring wat deur die Tesourie voorgestel is nie. Die ondersoek het ook 'n ernstige gebrek aan beheermaatreëls om korrekte produklewering te verseker en maatreëls om verskaffers se registrasiebesonderhede te verifieer, uitgelig (SOE 2021:12–13).

Hierdie drie gevalle illustreer die voortgesette gebrek aan politieke wil deur openbare amptenare op verskillende regeringsvlakke omdat hierdie leiers steeds aandadig aan en deel van die korrupte gedrag is. Die doelwit om die teenkorruptsiefunksie te versterk deur politieke wil en voldoende ondersteuning is dus nog nie bereik nie, en ernstige ingryping is nodig om dit te verander.

## 7. 'n Voorbeeld van 'n gesentraliseerde eenheid: die kommissie van ondersoek na staatskaping (Zondo-kommissie)

Ingevolge artikel 84(2)(f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) het oudpresident Jacob Zuma die Regterlike Dienskommissie<sup>3</sup> van Ondersoek na Staatskaping<sup>4</sup>, Korruptsie en Bedrog in die Openbare Sektor, insluitend Staatsorgane (kommissie), oftewel die Zondo-kommissie, aangestel. Onder voorsitterskap van die adjunkhoofregter Raymond Zondo is die kommissie 25 Januarie 2018 deur proklamasie in die Staatskoerant gestig (Republiek van Suid-Afrika 2018).

Die Zondo-kommissie se doelwit was om enige en alle bewerings van staatskaping, korruptsie en bedrog in die openbare sektor na te vors, te ondersoek en aanbevelings te maak (Du Toit 2018). Die Zondo-kommissie se verslag bestaan uit ses verslae wat in vier dele bekendgestel is (Corruption Watch 2022; Pillay 2022). Die eerste deel van die verslag is op 5 Januarie 2022 bekendgestel en die laaste deel op 22 Junie 2022 (Corruption Watch 2022). Die Zondo-kommissie het in totaal 430 verhore gehad en 161 070 (sommige hangende) verklarings en beëdigde verklarings bekom (Kommissie van Ondersoek na Staatskaping 2022). Die Zondo-kommissie se verslag het beraam dat ongeveer R57,3 miljard se publieke fondse bestee is aan kontrakte wat met staatskaping verband hou (Pillay 2022).

Hierdie kommissie kan om die volgende redes beskou word as 'n voorbeeld van 'n kleinskaalse enkelagentskap wat korruptsie beveg:

- Struktuur: Die kommissie van ondersoek na staatskaping word geleid deur die adjunkhoofregter, Raymond Zondo. Zondo is die hoof van hierdie kommissie, en sy rol behels onder meer die aanstelling van die regspan en die sekretaris, asook om die kommissie se reëls van tyd tot tyd te wysig (Republiek van Suid-Afrika 2018). Die span het bestaan uit die uitvoerende komitee en die regspan wat oor die wetstoepassingsmagte en 'n wetlike raamwerk beskik: Die Zondo-kommissie word ingevolge die Komissiewet saamgestel en handel oor voldoende wetstoepassingsmagte, soos om enige perseel te deursoek en daarop beslag te lê, enige persoon te verplig om te getuig, en te eis dat dokumente aan hom oorhandig word (Du Toit 2018). Vervolgens het die kommissie die magtiging om enige inligting te bekom wat hulle saak mag/kan ondersteun. Die proklamasie van die kommissie stel hom in staat om enige

aangeleentheid na die betrokke wetstoepassingsagentskap vir vervolging of verdere ondersoek te verwys (Du Toit 2018).

- Spesifieke mandaat: Die reëls en regulasies van hierdie kommissie sluit spesifieke bewerings van staatskaping in. Advokaat Thuli Madonsela, die voormalige Openbare Beskermer, het 'n minimum van 11 kwessies uitgelig wat die mandaat dek (Du Toit 2018). Die kommissie het duidelike grense gestel waarbinne hulle werk.
- Tydsduur van die ondersoek na staatskaping: Die Zondo-kommissie is aanvanklik vir 180 dae aangestel; hul bevindinge het egter so wyd gestrek dat die aanstelling herhaaldelik verleng is en die laaste deel van die verslag eers op 22 Junie 2022 bekendgestel is (Daily Maverick, 2022). 'n Ondersoek na staatskaping wat aanvanklik ses maande sou duur, het uiteindelik vier en 'n half jaar geduur.
- Begroting: Die koste van die langdurige ondersoek na staatskaping beloop byna R1 miljard (Haffajee 2021b). Zondo is egter van mening dat dit Suid-Afrika in wese miljarde meer gespaar het; hierdie bedrag is byvoorbeeld byna gelyk aan die R864 miljoen wat McKinsey aan Eskom en die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) terugbetaal het na onderhandelinge met die kommissie (Haffajee 2021b). Om byna R1 miljard vir die Zondo-kommissie te voorsien, dui aan dat Suid-Afrika die nodige fondse het om die teenkorruptsiefunksie voldoende te ondersteun.
- Vaardighede en kundiges: Die uitvoerende komitee bestaan uit Raymond Zondo (adjunkhoofregter), Terence Nombembe (geoktrooieerde rekenmeester en hoof van die ondersoek), Paul Joseph Pretorius (toegelate advokaat en hoof van die regspan), en professor Itumeleng Mosala (hoof van die sekretarijskap). Die regspan bestaan uit tien bewysleiers met 'n magdom ervaring en kundigheid, soos advokate by name Vincent Maleka, Leah Gcabashe en Thandi Norman, regters en prokureurs (Kommissie van Ondersoek na Staatskaping 2021). Dit is duidelik dat hierdie kommissie toegerus is met voldoende kennis en kundigheid om doeltreffende ondersoeke uit te voer.

Alhoewel daar kommer geopper is as gevolg van die tyd en fondse wat die kommissie verbruik (Haffajee 2021b), is dit van kardinale belang om staatskaping te bekamp (Mkhatshwa 2018). Verder het die kommissie getuenis aangehoor oor die Bosasa-sak, die Vrystaatse asbessaak, die Estina-suiwelprojek en baie ander korruptsiesake waarby openbare amptenare betrokke is. Die werk van die Zondo-kommissie het getoon hoe rampspoedig die NVG en die DPMO versuum het om misdaad op die topvlak van ons land te ondersoek (Grootes 2020). Dit het ook uitgewys hoe die Openbare Beskermer, Busisiwe Mkhwebane, nie behoorlike ondersoeke na belangrike politieke rolspelers gedoen het nie (Grootes 2020). Sy het byvoorbeeld nie daarin geslaag om voldoende bewyse teen Ace Magashule in te win oor die Estina-suiwelskandaal nie (Grootes 2020). Die feit dat sy haar appèl in die Hoogste Hof van Appèl teen Magashule verloor het, is 'n bevestiging van haar swak ondersoeke (Grootes 2020).

Volgens Sibanda (2020) het die Zondo-kommissie verander hoe Suid-Afrika korruptsie hanteer, en hierdie verandering, hetsy normatief of institusioneel, sal waarde toeveoeg tot ons strafregstelsel as dit nie deur die korruptes belemmer word nie. Hierdie verslag van die Zondo-kommissie bevat ook aanbevelings wat aandui wat gedoen moet word om te verhoed dat omstandighede wat toelaat dat ernstige korruptsie ongestraf laat floreer, soos tydens die Zuma-jare, uitgewis word (Hoffman 2021). Die Zondo-kommissie se finale verslag het sterk beklemtoon dat Suid-Afrika 'n teenkorrupsieliggaam wat vry van politieke invloed is, en 'n strategie wat korruptsie met 'n nuwe en deursigtige energie beveg nodig het (Philip 2022).

Die Zondo-kommissie bewys tans dat met hul enkelagentskap, voldoende vaardighede en kundigheid, voldoende bewusmaking en politieke wil dit tog moontlik is om staatsamptenare aanspreeklik te hou vir hul korrupte aktiwiteite. Daarmee saam het die Zondo-kommissie ook die belangrikheid van 'n nuwe teenkorrupsiestrategie vir Suid-Afrika uitgelig.

## 8. Beperkings van hierdie studie

Hierdie artikel is gegrond op 'n literatuurstudie en het die inherente beperking dat dit op voorheen gepubliseerde navorsing en sekondêre hulpbronne geskoei is. Data wat vir hierdie studie gebruik is, het onder ander mediaberigte, jaarverslae, koerantartikels, organisatoriese webwerwe en institusionele webwerwe ingesluit. Waar moontlik, is die betroubaarheid van bevindings deur middel van kruisverwysings bevestig.

## 9. Gevolgtrekking

Die praktiese voorbeeld in hierdie artikel dui aan dat die NOP se visie om die multi-agentskapbenadering te versterk nog nie 'n werklikheid is nie. As Suid-Afrika voortgaan om die teenkorrupsiefunksie te bestuur soos dit tans gedoen word, sal hierdie visie en ander teenkorrupsiestrategieë nie realiseer nie. Op grond van die inligting hier bo, voer ons aan dat slegs die versterking van die multi-agentskapmodel om 'n veerkrachtige teenkorrupsiestrategie daar te stel, nie genoegsaam sal wees om die NOP se doelwitte teen 2030 te bereik nie. Hierdie plan is reeds in 2012 van stapel gestuur, maar nege jaar later is dit steeds nie prakties geïmplementeer nie.

Dit het duidelik geword dat Suid-Afrika op papier die wonderlikste planne en strategieë vir 'n effektiewe teenkorrupsiemodel het, maar dat hulle sukkel met die daadwerklike implementering daarvan. Daar word voorgestel dat 'n nuwe benadering, wat reeds bestaande agentskappe met 'n gesentraliseerde eenheid combineer, oorweeg moet word in plaas daarvan om te probeer om wanfunksionele teenkorrupsiebeleide te versterk.

Hierdie artikel het die vier aspekte om die multi-agentskapbenadering te versterk ten einde 'n veerkrachtige teenkorrupsiestructuur daar te stel, bespreek. Die enigste aspek wat 'n mate van vordering toon om hierdie doelwit te bereik, is die versterking van openbare bewusmaking en aanmeldkanale. Ironies genoeg is dit gedoen deur 'n nieregeringsorganisasie, Corruption Watch, aangesien die NTKB beperk is weens 'n gebrek aan hulpbronne en befondsing.

Die omstrede debat oor die multi- of enkelagentskapbenadering duur egter steeds voort. Weens die ondoeltreffendheid van die huidige benadering en soortgelyk aan die mediumtermyn-teenkorrupsieraamwerk en die hersiene NOP, word daar voorgestel dat 'n oorkoepelende enkelagentskapseenheid gestig word. Sy primêre mandaat moet wees om korruption te beveg en die hele teenkorrupsiefunksie te koördineer. Die gebrek aan vaardighede, kundigheid en politieke wil is egter steeds merkbaar, aangesien dit as die grootste struikelblok van die teenkorrupsiestructuur beskryf word.

Die antwoord op die navorsingsvraag van hierdie artikel, is dat deur slegs die huidige benadering te versterk nie genoegsaam sal wees om die doelwitte teen 2030 te bereik nie, omdat Suid-Afrika nie die multi-agentskapbenadering van die begin af effektiel geïmplementeer het nie. Benewens die feit dat hierdie doelwitte nog nie bereik is nie, is daar ook nie veel vordering gemaak om dit teen 2030 te bereik nie. Met 'n gebrekkige teenkorrupsiestelsel en min of geen vordering met die doelwitte van die plan nie, sal die teikens gevvolglik nie teen 2030 bereik word nie.

Daar word dus voorgestel dat Suid-Afrika korruksie vanuit 'n nuwe perspektief moet teenwerk, naamlik 'n enkelagentskapperspektief. Die Zondo-kommissie het gewys watter sukses behaal kan word deur die nodige vaardighede in die kommissie saam te voeg, tesame met 'n sterk politieke wil om uitvoering te gee aan die kommissie se mandaat in 'n poging om die goeie stryd teen korruksie te begin.

## Bibliografie

- Afrobarometer. 2021. About Afrobarometer. <https://afrobarometer.org/about> (19 Oktober 2019 geraadpleeg).
- Brinkerhoff, D.W. 2000. Assessing Political Will for Anti-Corruption Efforts: An Analytical Framework. *Public Administration and Development*, 20(3): 239-252.
- Bruce, D. 2019. *Accountability for corruption: The role of the Special Investigating Unit*. Institute for Security Studies – Southern Africa. Verslag 28. <https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/sar-28.pdf> (6 Mei 2021 geraadpleeg).
- Corruption Watch. 2020a. *From crisis to action*. <https://www.corruptionwatch.org.za/wp-content/uploads/2021/05/Corruption-Watch-AR-2020-DBL-PG-20210324.pdf> (20 Julie 2021 geraadpleeg).
- . 2020b. *Our future is not for sale*. [https://www.corruptionwatch.org.za/wp-content/uploads/2020/12/Our\\_Future\\_Is\\_Not\\_4\\_Sale-V2D\\_FINAL\\_8Dec2020.pdf](https://www.corruptionwatch.org.za/wp-content/uploads/2020/12/Our_Future_Is_Not_4_Sale-V2D_FINAL_8Dec2020.pdf) (27 Augustus 2021 geraadpleeg).
- . 2021. *Anti-corruption agencies bemoan skills shortage, lack of capacity*. <https://www.corruptionwatch.org.za/anti-corruption-agencies-bemoan-skills-shortage-and-lack-of-capacity/> (1 Augustus 2021 geraadpleeg).
- . 2022. *Zondo report: A summary of the first four parts, and who it implicated*. <https://www.corruptionwatch.org.za/zondo-report-a-summary-of-the-first-four-parts-and-who-it-implicated/> (19 Oktober 2022 geraadpleeg).
- Cowan, K. 2020. The case against Ace Magashule in the R280 Gupta Estina dairy farm scandal. *News24*, 2 Oktober. <https://www.news24.com/news24/southafrica/investigations/the-case-against-ace-magashule-in-the-r280m-gupta-estina-dairy-farm-scandal-20201001> (27 Julie 2021 geraadpleeg).

Daily Maverick. 2022. Here you go: The final State Capture reports recommendations – at last. *Daily Maverick*, 22 Junie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-06-22-here-you-go-the-final-state-capture-report-recommendations-at-last/> (6 Oktober 2022 geraadpleeg).

De Lange, L. 2021. Anti-corruption systems in South Africa: Towards an effective model. MCom verhandeling, Noordwes-Universiteit.

DPME (Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering). 2020a. *Medium term strategic framework 2019–2024*. [https://www.dpme.gov.za/keyfocusareas/outcomesSite/MTSF\\_2019\\_2024/2019-2024%20MTSF%20Comprehensive%20Document.pdf](https://www.dpme.gov.za/keyfocusareas/outcomesSite/MTSF_2019_2024/2019-2024%20MTSF%20Comprehensive%20Document.pdf) (3 Augustus 2021 geraadpleeg).

—. 2020b. *National anti-corruption strategy 2020–2030*. [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/202105/national-anti-corruption-strategy-2020-2030.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202105/national-anti-corruption-strategy-2020-2030.pdf) (19 Julie 2021 geraadpleeg).

Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (CoGTA). 2018. *The National Development Plan unpacked*. <https://www.cogta.gov.za/index.php/2018/07/24/national-development-plan-unpacked/> (14 Julie 2021 geraadpleeg).

Du Plessis, C. 2021. As it happened – ‘I’ve done nothing wrong’ – Magashule as asbestos corruption case is transferred, postponed. *News24*, 19 Februarie. <https://www.news24.com/news24/southafrica/news/live-ace-magashule-corruption-co-accused-in-free-state-asbestos-case-back-in-court-20210219> (30 Julie 2021 geraadpleeg).

Du Toit, P. 2018. The state capture inquiry: What you need to know. *News24*, 20 Augustus. <https://www.news24.com/news24/Analysis/the-state-capture-inquiry-what-you-need-to-know-20180819> (16 Julie 2021 geraadpleeg).

Ellis, E. 2021. Exposed and tarnished by the Digital Vibes scandal, Zweli Mkhize goes down fighting. *Daily Maverick*, 6 Augustus. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-08-06-exposed-and-tarnished-by-the-digital-vibes-scandal-zweli-mkhize-goes-down-fighting/> (20 Augustus 2021 geraadpleeg).

Etheridge, J. 2021. 3 senior government officials arrested over R255m asbestos project. *News24*, 18 Februarie. <https://www.news24.com/news24/southafrica/news/just-in-3-senior-government-officials-arrested-over-r255m-asbestos-project-20210218> (26 Julie 2021 geraadpleeg).

Ferreira, A. 2021. High court grants Zondo commission a three-month extension. *Mail & Guardian*, 29 September. <https://mg.co.za/news/2021-09-29-zondo-fifth-extension/> (6 Oktober 2022 geraadpleeg).

FIS (Finansiële Intelligensiesentrum). 2020. *Annual report 2019/2020*. [https://www.fic.gov.za/Documents/FIC%20annual%20report\\_2019-20.pdf](https://www.fic.gov.za/Documents/FIC%20annual%20report_2019-20.pdf) (11 Mei 2021 geraadpleeg).

Grootes, S. 2020. How I learnt to stop worrying and love the Zondo Commission. *Daily Maverick*, 20 Oktober. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-10-20-how-i-learnt-to-stop-worrying-and-love-the-zondo-commission/> (6 Augustus 2021 geraadpleeg).

Haffajee, F. 2021a. ANC fails to stop the corruption train – 32 major scandals, four in 2021 alone. *Daily Maverick*, 7 Oktober. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-10-07-anc-fails-to-stop-the-corruption-train-32-major-scandals-four-in-2021-alone/> (19 Oktober 2021 geraadpleeg).

—. 2021b. State capture inquiry cost almost R1bn, but it saved billions more – Judge Zondo. *Daily Maverick*, 30 Junie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-06-30-state-capture-inquiry-cost-almost-r1bn-but-it-saved-billions-more-judge-zondo/> (19 Julie 2021 geraadpleeg).

Heeks, R. 2011. Understanding the success and failure of anti-corruption initiatives. <https://www.cmi.no/publications/file/3978-understanding-success-and-failure-of-anti.pdf> (1 Augustus 2021 geraadpleeg).

Hoffman, P. 2021. Game-changer: Zondo Commission report bound to change the future trajectory of South Africa. *Daily Maverick*, 29 Augustus. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-08-29-game-changer-zondo-commission-report-bound-to-change-the-future-trajectory-of-south-africa/> (12 Oktober 2021 geraadpleeg).

Holden, P. 2021. Part one: What Gupta enterprise corruption cost South Africa. *Daily Maverick*, 27 Junie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-06-27-part-one-what-gupta-enterprise-corruption-cost-south-africa/> (6 September 2021 geraadpleeg).

Hooggereghof van Suid-Afrika. 2021. Extension. [https://www.statecapture.org.za/site/files/judgments/15/Extension\\_6\\_-\\_Application\\_\(01\\_Oct\\_2021\\_to\\_31\\_Dec\\_2021\)\\_dd\\_16\\_Sep\\_2021.pdf](https://www.statecapture.org.za/site/files/judgments/15/Extension_6_-_Application_(01_Oct_2021_to_31_Dec_2021)_dd_16_Sep_2021.pdf) (12 Oktober 2021 geraadpleeg).

Kommissie van Ondersoek na Staatskaping. 2022. Interesting statistics. <https://www.statecapture.org.za/site/information/stats> (19 Oktober 2022 geraadpleeg).

Lancaster, L., M. Roberts en S. Mbanyele. 2019. *NPA staff survey: Report*. <https://www.npa.gov.za/sites/default/files/u41/NPA%20Staff%20Survey-Report%202019.pdf> (2 Augustus 2021 geraadpleeg).

Lekubu, B.K. 2019. Improving the effectiveness of the South African anti-corruption agencies and the strategies: Lessons from Botswana, Hong Kong, and Singapore. *Acta Criminologica: African Journal of Criminology & Victimology*, 32(2):74–90.

Meagher, P. en C. Voland. 2006. *Anticorruption Agencies (ACAs)*. USAID Office of Democracy and Governance. [https://pdf.usaid.gov/pdf\\_docs/Pnadm208.pdf](https://pdf.usaid.gov/pdf_docs/Pnadm208.pdf) (23 Mei 2021 geraadpleeg).

Merten, M. 2019. State Capture wipes out third of SA's R4.9-trillion GDP – Never mind lost trust, confidence, opportunity. *Daily Maverick*, 1 Maart. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-03-01-state-capture-wipes-out-third-of-sas-r4-9-trillion-gdp-never-mind-lost-trust-confidence-opportunity/> (20 Julie 2021 geraadpleeg).

—. 2020. Anti-Corruption Task Team is making headway, but the lack of resources will be a handicap. *Daily Maverick*, 11 November. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-11-11-anti-corruption-task-team-is-making-headway-but-the-lack-of-resources-will-be-a-handicap/> (3 Augustus 2021 geraadpleeg).

Mkhathwa, S. 2018. State capture: Here's why the Zondo Commission is important. *City Press*, 24 Augustus. <https://www.news24.com/citypress/voices/state-capture-heres-why-the-zondo-commission-is-important-20180824> (24 Julie 2021 geraadpleeg).

Mthethwa, A. 2021. The NPA states its case against Ace Magashule. *Daily Maverick*, 21 Februarie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-02-21-the-npa-states-its-case-against-ace-magashule/> (30 Julie 2021 geraadpleeg).

Mubangizi, J.C. 2020. South Africa's oldest tradition, corruption – The politics, the law and the shenanigans in between. *Daily Maverick*, 7 Oktober. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-10-08-south-africas-oldest-tradition-corruption-the-politics-the-law-and-the-shenanigans-in-between/> (4 Januarie 2021 geraadpleeg).

Myburgh, P.L. 2021a. Department of Health's irregular R150m Digital Vibes deal: Daily Maverick's investigative work so far in one bundle. *Daily Maverick*, 26 Mei. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-05-26-department-of-healths-irregular-r150m-digital-vibes-deal-daily-mavericks-investigative-work-so-far-in-one-bundle/> (5 Augustus 2021 geraadpleeg).

—. 2021b. Exposed: DoH's R150m Digital Vibes scandal – Zweli Mkhize associates charged millions for Covid-19 media briefings. *Daily Maverick*, 23 Mei. [https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-05-23-exposed-dohs-r150m-digital-vibes-scandal-zweli-mkhize-associates-charged-millions-for-covid-19-media-briefings/?\\_ga=2.201696020.460244016.1628145675-314030783.1628145673](https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-05-23-exposed-dohs-r150m-digital-vibes-scandal-zweli-mkhize-associates-charged-millions-for-covid-19-media-briefings/?_ga=2.201696020.460244016.1628145675-314030783.1628145673) (5 Augustus 2021 geraadpleeg).

—. 2021c. R1m from Digital Vibes deal bankrolled hair salon, nail boutique for Minister Zweli Mkhize's son, daughter-in-law. *Daily Maverick*, 3 Augustus. [https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-08-03-r1m-from-digital-vibes-deal-bankrolled-hair-salon-nail-boutique-for-minister-zweli-mkhizes-son-daughter-in-law/?utm\\_term=Autofeed&utm\\_medium=Social&utm\\_source=Twitter&&\\_\\_twitter\\_impression=true](https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-08-03-r1m-from-digital-vibes-deal-bankrolled-hair-salon-nail-boutique-for-minister-zweli-mkhizes-son-daughter-in-law/?utm_term=Autofeed&utm_medium=Social&utm_source=Twitter&&__twitter_impression=true) (5 Augustus 2021 geraadpleeg).

NBK (Nasionale Beplanningskommissie). 2012. *National Development Plan 2030: Our future – make it work*. [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/201409/ndp-2030-our-future-make-it-workr.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/ndp-2030-our-future-make-it-workr.pdf) (13 Julie 2021 geraadpleeg).

—. 2020. *A review of the National Development Plan 2030 – Advancing implementation towards a more capable nation*. <https://www.nationalplanningcommission.org.za/assets/Documents/NDP%20REVIEW.pdf> (22 Julie 2021 geraadpleeg).

NVG (Nasionale Vervolgingsgesag). 2020. *Annual report 2019/20*. Pretoria: NPA. [https://www.npa.gov.za/sites/default/files/media-releases/NPA\\_Annual\\_Report\\_2019-2020.pdf](https://www.npa.gov.za/sites/default/files/media-releases/NPA_Annual_Report_2019-2020.pdf) (5 Mei 2021 geraadpleeg).

—. 2021. *Annual Report 2020/2021*. Pretoria: NPA. [https://www.npa.gov.za/sites/default/files/annual-reports/NPA%20Annual%20Report%202020\\_2021.pdf](https://www.npa.gov.za/sites/default/files/annual-reports/NPA%20Annual%20Report%202020_2021.pdf) (17 Junie 2021 geraadpleeg).

Ntsaluba, G. 2021. Corruption Watch launches Veza tool to improve transparency in the police service. *City Press*, 17 Februarie. <https://www.news24.com/citypress/news/corruption-watch-launches-veza-tool-to-improve-transparency-in-the-police-service-20210217> (20 Augustus 2021 geraadpleeg).

OGSA (Ouditeur-generaal van Suid Afrika). 2020. *Integrated annual report twenty-twenty*. <https://www.agsa.co.za/Reporting/AnnualReport.aspx> (11 Mei 2021 geraadpleeg).

Patel, J. en P. Govindasamy. 2021. *South African see corruption as worsening during President Ramaphosa's tenure*. Afrobarometer Dispatch AD476. [https://afrobarometer.org/sites/default/files/publications/Dispatches/ad476-south\\_africans\\_see\\_corruption\\_as\\_worsening\\_under\\_ramaphosa-afrobarometer\\_dispatch-15sept21.pdf](https://afrobarometer.org/sites/default/files/publications/Dispatches/ad476-south_africans_see_corruption_as_worsening_under_ramaphosa-afrobarometer_dispatch-15sept21.pdf) (19 Oktober 2021 geraadpleeg).

Pereira, P.G., S. Lehmann, A. Roth en K. Attisso. 2012. *South Africa anti-corruption architecture*. International Centre for Asset Recovery (ICAR), Basel Institute on Governance. [https://baselgovernance.org/sites/default/files/2019-01/south\\_africa\\_anti-corruption\\_architecture.pdf](https://baselgovernance.org/sites/default/files/2019-01/south_africa_anti-corruption_architecture.pdf) (1 Augustus 2021 geraadpleeg).

Philip, X. 2022. South Africa: 10 facts to know about the Zondo Commission reports. *The Africa Report*, 27 Mei. <https://www.theafricareport.com/207302/south-africa-10-facts-to-know-about-the-zondo-commission-reports/> (19 Oktober 2022 geraadpleeg).

Pillay, K. 2017. Anti-corruption agencies in South Africa and Brazil: Trends and challenges. *African Journal of Public Affairs*, 9(8):1–14. doi: 10.10520/EJC-ab4f8b4ab.

Pillay, Devi. 2022. The Zondo Commission: A bite-sized summary. Public Affairs Research Institute (PARI). <https://www.google.co.za/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&source=web&cd=&ved=2ahUKEwjXm6PBk-76AhWknVwKHdVyDrgQFnoECBgQAQ&url=https%3A%2F%2F47zhcvti0ul2ftip9rxo9fj9-wpengine.netdna-ssl.com%2Fwp-content%2Fuploads%2F2022%2F09%2FPARI-Summary-The-Zondo-Commission-A-bite-sized-summary-v360.pdf&usg=AOvVaw19-3iSIRko7rxQmIwbnmgs> (19 Oktober 2022 geraadpleeg).

Presidentskap. 2015. The anti-corruption task team is fully operational. <http://www.thepresidency.gov.za/content/anti-corruption-task-team-fully-operational> (1 Augustus 2021 geraadpleeg).

Pring, C. en J. Vrushi. 2019. *Global corruption barometer Africa 2019 – Citizens' views and experiences of corruption*. <https://www.corruptionwatch.org.za/wp-content/uploads/2019/07/GCB-Africa-2019-Full-report-WEB.pdf> (27 Augustus 2021 geraadpleeg).

Republiek van Suid-Afrika (RSA). 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Wet 108 van 1996. Staatskoerant 378 (17678). Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2018. Rules governing proceedings of the Judicial Commission of Inquiry into allegations of state capture, corruption and fraud in the public sector including organs of state: Notice 397 of 2018. *Staatskoerant* 41774, 16 Julie, bl. 1–13. [https://www.justice.gov.za/legislation/notices/2018/20180716-gg41774\\_gen397-SCAPcomms-Rules.pdf](https://www.justice.gov.za/legislation/notices/2018/20180716-gg41774_gen397-SCAPcomms-Rules.pdf) (13 Julie 2021 geraadpleeg).

Rupiah, K. 2020. Let's go back to the NDP. *Mail & Guardian*, 13 Januarie <https://mg.co.za/article/2020-01-13-lets-go-back-to-the-ndp/> (13 Julie 2021 geraadpleeg).

Shadow World Investigations (SWI). 2019. *First submission to the Commission of Inquiry into Allegations of State Capture [Zondo Commission] regarding the Estina/Vrede Integrated Dairy Project*. <https://shadowworldinvestigations.org/wp-content/uploads/2019/12/SWI-Submission-to-the-Zondo-Commission-Estina-and-the-Gupta-Enterprise.pdf> (9 September 2021 geraadpleeg).

Sibanda, O.S. 2020. Is the Zondo Commission report destined for the dustbin, or for the annals of history? *Daily Maverick*, 27 Oktober. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2020-10-27-is-the-zondo-commission-report-destined-for-the-dustbin-or-for-the-annals-of-history/> (15 Augustus 2021 geraadpleeg).

Sibanyoni, M. 2021. NDP 2030 targets: SA's targets vs reality. *SABC News*, 8 Februarie. <https://www.sabcnews.com/sabcnews/ndp-2030-targets-sas-targets-vs-reality/> (13 Julie 2021 geraadpleeg).

SOE (Spesiale Ondersoekenheid). 2021. *Report to the President of the Republic of South Africa his Excellency, President MC Ramaphosa regarding the investigation of the National Department of Health / Digital Vibes (Pty) Ltd contracts: Proclamation no R. 23 of 2020*. <http://www.thepresidency.gov.za/download/file/fid/2261> (11 Oktober 2021 geraadpleeg).

SKOOR (Staande Komitee oor Openbare Rekening). 2020. Anti-corruption Task Team (ACTT) on pending corruption cases from various departments and entities. <https://pmg.org.za/committee-meeting/31456/> (30 Julie 2021 geraadpleeg).

SDK (Staatsdienskommissie). 2021. *Annual report 2020/21*. <http://www.psc.gov.za/documents/reports/2020/Annual%20Report%202020-2021.pdf> (11 Oktober 2021 geraadpleeg).

Suid-Afrikaanse Regering. 2021. *I know – I act – I stop (fighting corruption is everyone's business)*. <https://www.gov.za/anti-corruption/campaign> (6 Augustus 2021 geraadpleeg).

TKTS (Teenkorruptsietaakspan). 2021. Value of freezing orders – ACTT 2009–2020.

Transparency International (TI). 2020. *Our work in South Africa.*

<https://www.transparency.org/en/countries/south-africa> (21 Julie 2021 geraadpleeg).

Wathne, C. 2021. *Understanding corruption and how to curb it – A synthesis of latest thinking.* <https://www.u4.no/publications/understanding-corruption-and-how-to-curb-it.pdf> (26 Julie 2021 geraadpleeg).

Wêrelbank. 2013. Step-by-step guide for asset recovery South Africa.

[https://star.worldbank.org/sites/default/files/g20-asset\\_recovery\\_guide\\_2013\\_south\\_africa.pdf](https://star.worldbank.org/sites/default/files/g20-asset_recovery_guide_2013_south_africa.pdf) (21 Julie 2021 geraadpleeg).

—. 2021. *Supreme Audit Institutions Independence Index: 2021 global synthesis report.* <https://openknowledge.worldbank.org/handle/10986/36001> (4 Augustus 2021 geraadpleeg).

## Eindnotas

<sup>1</sup> Politieke wil word gedefinieer as “die vasberadenheid van ’n individuele politieke akteur om op ’n manier op te tree en te praat wat ’n gewenste uitkoms tot gevolg sal hê” (Brinkerhoff, 2000:242).

<sup>2</sup> Bevriesingsbevel: “Om te verseker dat die realiseerbare eiendom nie vervreem word nie, kan die staat ’n beperking- of bevriesingsbevel oor enige sodanige eiendom verkry totdat die saak afgehandel is. Dit sluit skoon of onaangetaste eiendom in, wat aan persone of entiteite behoort wat geskenke ter waarde van die geskenke ontvang het” (Wêrelbank, 2013).

<sup>3</sup> Regterlike Dienskommissie: Ingevolge artikel 178 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (1996) is die Regterlike Dienskommissie (RDK) se funksie om gesikte en gepaste persone te kies vir aanstelling as regters en om klagtes oor regterlike beampies te ondersoek.

<sup>4</sup> Kommissie van Ondersoek na Staatskaping: ’n deskundige paneel wat deur die President ingestel is om ’n spesifieke kwessie te ondersoek.